## *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (3/19)*

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 18 Januarie 2019*

CGA CITRUS SUMMIT
12 - 14 March 2019
Grow the Future, Together
Balancing growth and inclusivity
Proudly sponsored by Standard Bank

***"Africa is too rich to be poor" Ben Murray Bruce, Nigeria***

### DAFF MINISTER SE DIENSLEWERINGSFORUM

As deel van die skedule van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF), word 'n Diensleweringsforum belê om terugvoering aan lede te gee, en van die lede te hoor watter probleme DAFF moet aanspreek. Fruit South Africa was bevoorreg om die borg vir die Ministers se Diensleweringsforum te wees wat op Woensdag 16 Januarie 2019 in die Wes-Kaap gehou is. Die geleentheid het stiptelik om 08h00 in die pragtige dorpie Grabouw begin - die tuiste van TWO-A-DAY se indrukwekkende pakhuis en geriewe. HORTGRO het 'n uitstekende program gereël - wat werkers, swart produsente en die gasheer (Two-A-Day) ingesluit het. Die omvang van die korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheidsprogramme wat aangebied is, het die verbintenis tot inklusiewe groei in die vrugtebedryf getoon. 'n Besoek aan die pakhuis het die kapitale en tegnologiese intensiewe aard van die vrugtebedryf geïllustreer, terwyl die boordbesoek die komplekse aard van vrugteboerdery beklemtoon het. Die Diensleweringsforum het by die Erinvale-hotel in Somerset-Wes plaasgevind, en is deur belanghebbendes van landbou, bosbou en visserye bygewoon. As borg van die geleentheid is Fruit South Africa die geleentheid gebied om die vergadering toe te spreek. Die volgende word uitgelig:

- Die vrugtebedryf in Suid-Afrika gaan deur 'n groeifase, beduidende aanplantings in baie vrugtipes bereik volwassenheid, wat in die volgende paar jaar tot verhoogde bemarkbare volumes sal lei.
- Dit is noodsaaklik dat die bedryf en DAFF saamwerk om marktoegang te verkry, te behou en te optimaliseer om te verseker dat hierdie bykomende groei redelike opbrengste na die plaas kan bring.
- Selfbeskerming neem oor die hele wêreld toe, wat toegang tot baie markte beïnvloed. Ontwikkelde lande gebruik tegniese handelsbeperkings, terwyl minder gesofistikeerde markte tariewe as 'n manier gebruik om handel te beperk.
- Die minister is bedank vir sy leierskap en veral vir sy besoeke na belangrike Suid-Afrikaanse vrugtemarkte om marktoegangskwessies op te los (Thailand, VSA en China is genoem).
- Hierdie politieke wil van die Minister moet die hele departement inspireer vir ons om voordeel uit die groeiende bemarkbare volumes te trek. Die kompetisie werk hard om hul markaandeel te verhoog - 'n nuwe dringendheid is nodig vir Suid-Afrika om mededingend te bly.
- Die arbeidsintensiewe aard van die vrugtebedryf beteken dat groei tot werkskepping lei.
- Die uitvoerfokus van die vrugtebedryf maak dit 'n belangrike dryfveer vir Suid-Afrikaanse ekonomiese groei.
- Die kapitale en tegnologiese intensiewe aard van die bedryf beteken dat die bedryf en die regering nou saam met nuwe toetreders in die bedryf moet werk, om hulle van die ondersteuning en mentorskap te voorsien wat dit vir hul sal moontlik maak om te slaag.
- Die vrugtebedryf is gereed om publieke privaatvennootskappe te betree om te verseker dat die stygende volumes tot inklusiewe groei sal lei.

Die Statikus-Generaal het oor die sensus van kommersiële landbouprodusente gepraat - die belang van betroubare statistieke is beklemtoon en die onafhanklike en vertroulike aard van die proses is verduidelik. Produsente moet met hierdie proses help sodat betroubare landboustatistieke versamel kan word. Hierdie sensus is 100 jaar gelede begin, en is sedertdien elke vyf jaar herhaal. 'n Interessante statistiek is dat landbou 2,6% van die BBP verteenwoordig, maar 5,1% van indiensneming (in vergelyking met myne wat 2,5% is). Die Minister het aan die kommer oor onteiening sonder vergoeding geraak. Hy het produsente gerusgestel dat produktiewe plase nie in gevaar vir onteiening is nie, maar het produsente aangemoedig om betrokke by grondhervorming en opheffingsprojekte te raak.